# 640. DIT SÊ DIE EERSTE~EN LAASTE
# (Open 2:8-11 SMIRNA)

```
    G                    D      G
1.  Dit sê die Eerste~en Laaste, Hy
          C                  A        D
    wat dood was, maar nie dood kon bly:
        C       G         C     D
    Ek ken jou werke~en hoe jy ly,
          G         C      D     G
    jou armoed’, maar jy's ryk in My.

    G                 D      G
2.  Ek hoor die lastering en roem
          C             A          D
    van wie hulself My bondsvolk noem,
          C         G      C    D
    maar wat die krag en wese mis
        G      C    D   G
    en satan’s sinagoge is.

    G                     D      G
3.  Wees nie bevrees as jul moet ly;
          C            A     D
    die duiwel self sal jul bestry.
          C       G      C        D
    Jul mart'laarskap is kort van duur:
        G      C     D      G
    jul lyde is beproewingsvuur.

    G                    D       G
4.  Laat wie volhard in stryd en nood,
        C                 A      D
    getrou wees maar tot in die dood.
         C      G     C    D
    Ek gee hul as genadeloon
        G       C       D      G
    die immerblinkend lewenskroon.

    G                  D       G
5.  En laat dit klink in hart en oor,
          C                  A         D
    die drang-roep wat die Gees laat hoor:
          C         G      C       D
    Die eew’ge dood sal nimmermeer
          G      C      D    G
    oor die oorwinnaar triomfeer.
```